Rom 12:2

Polsslag 9 Junie 2019

Gereformeerde Kerk Benoni

Saam verheerlik ons God deur voortdurende metamorfose.

VANDAG SE EREDIENSTE

09:00 OGGENDDIENS

Ds. Rynhardt Pretorius

Skrifgedeelte: *Romeine 12:1-8*
Fokusverse: *Romeine 12:1*
Tema: *'n Offer van volmaakte vreugde!*
Reeks: Praktyke - Algehele oorgawe

17:00 PINKSTERSANGDIENS

KOMBERSPROJEK

Graag wil ons die gemeente bedank vir die kombersskenkings. Ons het reeds 35 komberse maar ons mikpunt is 65.
Ons het Angel Wings Care Centre in Putfontein geidentifiseer waar daar huidiglik 65 persone gehuisves word in armoede.
Ons het saamgespan met Oudl. Hettie van die Barmhartigheidsdiensbeen om hierdie 'n lokale uitreik te maak waartydens ons komberse en Bybels wil gaan afdra met gesprek en gebed op **30 Junie** na afloop van die erediens.
Ons sou graag Sondag 16 Junie die projek se insameling wou termineer sodat ons die finale nommers kan bereken.
Ons versoek dus dat u asseblief die kaste sal invaar en nog komberse vir ons sal skenk sodat ons die Woord saam met 'n warm kombers kan gaan afdra.
Vir meer inligting kontak Lenie Venter by 0834578861 of pavoptom@global.co.za

KOINONIA

MEELEWING:

- Ons meelewing gaan uit na Jurjen Suurd met die afsterwe van 'n neef van hom. (dr. Hercules Malon) .

KOINONIA:

- ds. Louis Buys was die afgelope week vir toetse in die Kaap. Louis het behandeling ontvang teen effense verwerping en sterk aan in die Kaap tot Woensdag.
- Erika Buma was Donderdag weer by die onkoloog. Die bloedtoetse toon dat die kanker tellings effens hoër is, maar die dokter is evrede met haar algehele gesondheid. Ons is saam met Erika dankbaar.
- Judy Greyling se toetse het gelukkig alles negatief teruggekom vir allerlei toestande, maar sy is steeds swak en seer. Ons bid haar beterskap toe.
- Hettie Viljoen het 'n nuwe gewas in haar ander wang. Sy word binnekort geopereer. Ons bid vir 'n goeie afloop van die operasie.

ATTESTAAT-NUUS

Vertrek met attestaat:

Lizé-Marié Steyber en dooplidmaat Elija na Hamburg, Duitsland.

Die volgende lidmate word vandag bevestig in die amp as diankens -

Diensgroepleier 4D-Kids: Marelize Pretorius
Wyksleier Wyk E1: Chriska Ebersöhn
Wyksleier Wyk F5: Cassie Visser

HARTLIK WELKOM AAN ALLE LIDMATE EN BESOEKERS BY DIE EREDIENS.
KOM GENIET GERUS 'N KOPPIE TEE / KOFFIE SAAM MET ONS NA DIE DIENS.

Datums & geleenthede om te onthou!

OP DIE PROGRAM VIR HIERDIE WEEK 9 - 16 JUNIE 2019

DAG	TYD	GELEENTHEID	KONTAKPERSOON
Vandag	09:00 17:00	Oggenddiens & katkisasie gr 1-7 Pinkstersangdiens	
Maandag	09:30	Rynpark 5 Bybelstudie	Adri Goede 083 654 4821
Dinsdag	08:30	Koördineringsvergadering	Ronel Ritchie 081 218 3048
Donderdag	18:30	Wyk F1 Bybelstudie vir jong werkendes/studente	
Vrydag	05:30 09:00	Manne gebedsgroep Bybelstudie	Schalk van Eeden 082 561 9409 Braam Krüger 082 459 5636
Sondag 16 Junie	09:00 18:30	Oggenddiens Aanddiens	

LESOTHO BYBELUITREIK 12-16 MEI 2019

"Die Here ons God is Groot, Sy tyd is perfek, Sy voorsiening is perfek, Ons loof en prys Hom" (aanhaling Sr Veronica)
Dis die woorde waarmee Sr Veronica die uitreike na Lesotho ervaar het en opsom, en dit word herhaal deur die gemeentegroep wat Bybelverspreiding en evangelisering gedoen het in Lesotho.
Die groep bestaande uit Ds Chaka, Br Walter en Oudl. Erika Buma, Prop. Ruan en Sr Zonika Steyn, Srs Adri van Tonder, Veronica van der Wateren en Lenie Venter.
Treffend was die terugvoer hoe vriendelik, ontvanklik en soekend die BaSotho volk is na die verduideliking van God se Woord.

Die doel was nie net om die 700 Bybels en 500 werksboekies uit te deel nie maar ook om die mense leiding te gee, saam Bybelstudie te doen en te bid en die ervaring is oortuigend dat die Gees van die Here elke aktiwiteit met oorweldigende seën bedek het.
Kontak was ook gemaak met die lokale Presbiteriaanse Kerk en nuwe bande is gesmee met nuwe uitdagings en geleenthede geskep vir die toekoms.
Buiten die geestelike uitbreiding het ons ook 'n bakkievrag gebruikte klere by skole en die St James Sendingspos uit gedeel.
Soggens en saans is Bybelstudie gedoen om die dag te begin en af te sluit. Lokale kinders van ons Here het deelgeneem en saam geëet. Telkens 'n Geestelike gewaar wording van God se teenwoordigheid.

By die St James was 'n br Matias: "na die Bybelstudie vra ek vir br Matias wat dink hy van wat ons daar doen?
Sy antwoord was: dat ons vir hom is soos Johannes 12 : 35 en 36…. die lig skyn en ons het die lig gebring. Ek het dit nie verwag nie en daardeur het ek besef dat by die geringste mense gebeur daar ook wonderwerke" (aanhaling br Walter Buma)
By die Molomong opleiding sentrum kon ons onbeplande Bybelstudie doen met die studente siende dat daar 'n algehele kragonderbreking was en hulle nie met opleidingsaktiwiteite kon voortgaan nie. Wat 'n wonderlike ervaring was dit nie gewees om die jongmense te kon laat deel wees van die besprekings nie. (aanhaling Lenie Venter)
Ons dank ons God dat Hy ons gelei het, bewaar het en ons deur Sy Gees bygestaan het in die verkonding van Sy Woord en glo dat ons die vrug op ons poging sal sien groei.
Ons dank ook die gemeente wat ons gestuur het vir die fondse, klere, ondersteuning en gebede wat ons gedra het.
Ons vra dat die gemeente bid dat die Bybels en die leiding gegee, groei sal veroorsaak tot eer en verheerliking en uitbreiding van God se ryk.
Die Here is soos 'n Arend in Eseg. 17 wat 'n takkie van die boom afpluk en langs 'n stroom gaan plant om te groei.
Mag hierdie takkie asseblief groei en U aanhou dien en vrugte dra tot in lengte van dae.
(aanhaling Sr Veronica se gebed)

KERKLIKE ADMINISTRASIE

Beroepe ontvang: Proponent JD Mienie (Juan) na GK Zeerust.
Beroepe bedank: Ds. DJ Dykstra (Dirk) van GK Nigel na GK Hendrina/ Carolina kombinasie.

PALMBYEENKOMS 19 JUNIE OM 10:00.

Gaskunstenaar: Lu-Anel van Staden .
Kom geniet heerlike sop, sjerrie en broodjies.
Die byeenkoms gaan voort al is dit skoolvakansie.

GK Benoni-Noord: Van 1968 tot 1998

In 1968 is daar 654 belydende lidmate en 437 dooplidmate in Gereformeerde Kerk Benoni. Met hierdie getalle het die werklas te groot geword en is daar besluit dat die gemeente moet afstig. Op 30 November 1968 is die afstigtingsdiens deur ds G.H.J. Kruger gelei en is 270 belydende- en 189 dooplidmate afgegee.

Soos geskryf in die feesuitgawe van November 1998 deur Koos Coetzee: "As bruidskat ontvang die nuwe gemeente die volgende: 'n bedrag van R750, die pastorie geleë te Greijbestraat 6 (gewaardeer teen R14 000 en later verkoop vir R24 000) en een derde van die diakonale studiefonds. Vergunning is ook verkry om die skool van Laerskool Rynfield vir eredienste en die personeelkamer as konsistorie te gebruik.

Van die begin af word daar 'n behoefte vir 'n kerkgebou aangevoel. Tydens die kerkraadvergadering van 27 April 1969 word daar besluit om 'n boufonds te stig. Hierdie boufonds het op 12 Junie 1975 op R60 000 gestaan. In hierdie 6 jaar is daar verskeie geboue en stukke grond oorweeg waarna die gekose grond goedgekeur en gekoop is vir R22 000.

Die kerkgebou is ontwerp deur Jacques van der Ham. Dit word bereken dat die gebou omtrent R120 000 sou kos. Ben du Toit word aangestel as boukontrakteur. Die susters samel oor die jare R10 000 in vir 'n orrel sodat die Ahlborn -elektroniese instrument aangekoop kon word.

Op 23 Oktober 1976 het die hoeksteenlegging plaasgevind en is die hoeksteen onthul deur ds. Gerrit Kruger. Ds. Kruger is verskeie kere in sy tyd by die gemeente beroep en in 1977 aanvaar hy die beroep na Durban waarvoor hy op 30 Januarie 1977 losgemaak is. Op 16 April 1977 is die kerkgebou ingebruikgeneem met die netto boukoste (die koste van die grond uitgesluit) wat R146 000 beloop.

Van begin Februarie tot einde Augustus word verskeie predikante beroep, onder andere ds. D.J.S. Steyn. Almal wys die beroepe van die hand. Op 28 Augustus 1977 is ds. Steyn 'n tweede maal beroep en hierdie keer aanvaar hy dit. Hy is op 22 Oktober daardie jaar bevestig en het op 23 Oktober sy intreepreek gelewer – presies een jaar na die hoeksteenlegging.

Tot en met 18 Oktober 1998 is die doop bedien aan 250 kinders en het 289 jongmense belydenis van geloof afgelê. Vanaf 1969 – in samewerking met Benoni en Noordoos-Rand – is die gemeente betrokke by 'n gesamentlike sendingsaksie in Daveyton. Daar is ook begin aan dienswerk in Actonville saam met Gereformeerde kerk Benoni.

Die Ahborn orrel het steeds meer verouder en probleme begin gee. Nadat die hulp van prof. H. Temmingh ingeroep is, is daar bevind dat die kerk se akoestiek geskik is vir 'n pyporrel. Daar is besluit op 'n tweedehandse twee manuaal en pedaal orrel wat aansienlik duurder was as 'n elektroniese orrel, maar waarvan die tegniese veroudering minder sou wees. Die nuwe orrel word op 27 Oktober 1990 ingebruik geneem.

Gedurende die 30 jaar het daar nog vele feestelike geleenthede, fondsinsamelings en kerkverbeteringe plaasgevind waaronder 'n Bybelse ete, die Dopperkombuis, gordyne vir die saal en nuwe Bybelstudie groepe 'n paar hiervan was. Die geleenthede is gekenmerk deur harde werk en samewerking van gemeentelede en bowenal die seën van die Here.

BYBELVASVRA

Verlede keer se antwoord: 1 Samuel 16:21

" So het Dawid dan by Saul gekom en vir hom gewerk. Saul het baie van Dawid gehou, sodat hy Saul se wapen draer geword het. Saul het ook na Isai toe gestuur en laat vra: "' Laat Dawid tog vir my werk, ek hou van hom."" "

Die volgende Bybellesers het korrekte antwoorde ingestuur:

Martie Gibson; Chrissie Pretorius;Evert Bolt; Una Steyn

Hierdie week: Soek die Bybelvers

" Groete ook aan die gemeente wat gereeld in hulle huis bymekaar kom. My groete verder ook aan my liewe vriend ?????????? , die eerste bekeerling vir Christus in die provinsie Asië, "

Vraag: Wie vermeld die apostel Paulus as die eerste bekeerling in die provinsie Asië?

Lees gerus Romeine en noem die eerste bekeerling in Asië en noem die vers waar dit staan, en SMS die antwoord met jou Naam en Van na 082 873 3173.

VERJAARSDAE 9 - 15 Junie

BAIE GELUK AAN ALMAL MET HUL VERJAARSDAE VANDAG EN IN DIE KOMENDE WEEK!
MAG DIT 'N GESEËNDE LEWENSJAAR WEES.

DATUM	NAAM	KONTAK NO.
9/06	Karli van den Berg ☺ Ronald Emmerson	 082 550 3285
10/06	Adri Kamffer Adriaan Damons Ella Steyn * Leané Flies ☺ Leon Langenhoven	083 448 5163 071 885 0493 084 718 7901
12/06	Rune van Dyk ☺	
13/06	Hannes van der Linde Miemie van Nieuwenhuizen**	083 557 5201
14/06	Alison Swartz ☺ Babsie Jansen van Vuuren Elna Jacobs	 083 943 9889 083 245 0293

(☺ doop-l) (* 70 ≤ 79) (** 80 ≤ 89) (*** 90≤)

Ons gemeente is bevoorreg om baie bedienings te behartig. Hierdie werk word gedra deur ons lidmate se vrywillige offergawes.

GK BENONI BANKBESONDERHEDE :

BANK: ABSA
TJEK REK : 220 340 333
VERWYSING: Volle Naam, Van & Doel

Diens van Barmhartigheid

Pres. Kruger Kinderhuise

Liewe lidmaat van GK Benoni.

Die predikante doen graag huisbesoek by lidmate. Ons vra egter dat die gemeente kennis neem dat ons huisbesoek nie agtereenvolgens by al die wyke plaasvind nie, maar dat die volgende riglyne gebruik word om te bepaal waar daar huisbesoek gedoen word:

1. Wanneer lidmate 'n besoek versoek.
2. Wanneer die predikante bewus is van 'n beproewing of aanvegting (siekte, ens.).
3. Wanneer daar nuwe lidmate of intrekkers aanmeld.
4. Wanneer spesifieke lidmate aangespreek moet word.
5. Daar word probeer om ouer lidmate wel van tyd tot tyd te besoek.

Jy kan jou wyksleier, blokouderling, die kerkkantoor of die predikante direk nader as jy 'n besoek wil hê.
Groetnis in Christus.
Braam & Rynhardt

KOLLEKTES

KOLLEKTES VAN 2 JUNIE:

Diens van Barmhartigheid:	R 6316
Sustentasie Partsinode :	R 1932
Hemelvaartdiens– Bybelverspreiding:	R 4241
Jeugdiensinstandhouding :	R 309

KOLLEKTES VANDAG:

Kollekte in die banke: Diens van barmhartigheid
Deurkollekte: President Kruger Kinderhuise

Deurkollektes 16 Junie: TOIBO

PREDIKANTE:
dr. Braam Krüger
☎ 082 459 5636
ds. Rynhardt Pretorius
☎ 074 944 7769

ADMINKANTOOR:
Ma-Vr 09:00-14:00
Ina Bolt
☎ 011 849 2054
☎ 084 339 1136
inabolt@gkbenoni.co.za

WEBBLAD:
www.gkbenoni.co.za

FACEBOOK:
https://www.facebook.com/GKBenoni/

BERIGTE:
polsslag@gkbenoni.co.za

VRA JOU VRAE:
https://goo.gl/WFtT3F